

DENK RIGTINGS

Deel 3 – Filters en Rame

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Party mense hou daarvan om foto's te neem en ander nie. Watter tipe persoon is jy?

Watter faktore dink jy dra by tot die feit dat verskillende persone deur dieselfde situasie kan gaan en dit heeltemal verskillend ervaar?

Kan jy laas week se memoriseervers opsê? Skryf hom hier neer.

Hoe sal jy jouself beskryf – as 'n persoon wat die glas half-vol of half-leeg sien? Hoekom dink jy is dit só?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Filippense 4:4. Hoekom dink jy sukkel ons hiermee? Hoeveel het ons gedagte patrone met dit te doen?

Daniël 6:8-11. Wat was Daniël se eerste reaksie toe hy die slegte nuus hoor? Wat is gewoonlik jou eerste reaksie met slegte nuus? Hoe vergelyk dit met Daniël?

1 Tessalonisense 5:16-23. Hoe vergelyk hierdie gedeelte met Filippense 4:4-7?

Jakobus 1:22-25. Wat is die gevolg as ons net die woord aanhoor en dit nie toepas nie? Wat is die gevolg as ons dit wel doen?

Wat is een ding wat jy ervaar jy moet doen na aanleiding van hierdie afgelope reeks? Hoe kan jou groep jou daarin bystaan?

Wat dink jy sal die gevolg wees indien jy nie die bogenoemde begin doen nie?

Lees Efesiërs 5:20. Lys 'n paar dinge waaroor jy dankbaar is. Deel dit met jou groep en sê saam vir die Here dankie.

Lees 1 Petrus 5:7. Lys 'n paar dinge waaroor jy bekommerd is in jou eie lewe. Deel dit met jou groep (indien jy gemaklik is). Bid saam daaroor en gee dit oor aan die Here.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.